NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
Mrt - Apr 2020
Vakansie

MY TONG IS ONDER NUWE BESTUUR

Ons tonge is nie ons privaat eiendom nie - nie as ons sê ons dien die Here nie. Dan kan ons nie daarmee maak wat ons wil nie. So sê die Bybel. Woorde is wapens. Afhangende van in wie se mond woorde vorm aanneem, en uit wie se harte taal voortspruit, kan dit of goeie of slegte wapens wees. In die mond van 'n dwaas is woorde soos dodelike messteke wat ander mense seermaak en verwond. In die mond van 'n wyse is woorde soos goeie salf en genesende medisyne. In Titus 3:2 gee Paulus juis 'n belangrike riglyn vir reg praat as hy skryf dat ons nooit kwaad van ander moet praat nie. Ons woorde is nie veronderstel om lewensgevaarlik te wees nie. Dit moet die Here se liefde, en ons eie omgee, in die rigting van ander mense stuur. Daar is oorgenoeg skerp woorde in die wêreld te hoor. Daar's heeltemal te veel vernietigende woorde in omloop. Praat asseblief anders oor mense en met mense. Praat goed. Praat opbouend. Praat gesond. Praat hoopvol. Praat die Here se troos nader. Praat twyfel en ongeloof uit die pad. Praat so dat mense agterkom jou eie tong is onder nuwe hemelse bestuur!

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

INLIGTING I/S KERKLIKE AKTIWITEITE

- Ons kerkraad het besluit om, in die lig van huidige omstandighede en die nasionale noodtoestand, eredienste op te skort tot na Paasnaweek (of verdere kennisgewing).
- Die een belangrike rede is om moontlike verspreiding van die Covid-19-virus vinniger te beperk. In Filippense 2:4 lees ons "Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander."
- Medici waarsku dat eksponensiële toename gaan plaasvind en versoek alle groepe om nou liewer strenger op te tree deur o.a. alle byeenkomste te kanselleer. Voorkoming is immers beter as genesing.
- Nou moet ons gemeente beslis prakties omgee vir mekaar (soos ons visie lui...) Help asseblief diegene wat nou hulp nodig het en hou aan om vir mekaar en vir almal in gebed in te tree.
- Psalm 103:19 "Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal."
- Kontak die leraar of die kerkkantoor gerus.
- Ek onderneem ook om veral in hierdie tyd gereeld geestelike boodskappe deur ander mediums (sosiale media, whatsapp en ons webwerf) te plaas wat geluister of afgelaai sal kan word. Die gemeente maak nie toe nie, net die byeenkomste is opgeskort. ***Ds Johannes van der Merwe***

Martin Luther het tydens die "Swartdood" van die 1600's gesê: "I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbour needs me however I shall not avoid place or person but will go freely as stated above." The Annotated Luther, Volume 4: Pastoral Writings

NEEM ASSEBLIEF KENNIS

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand, **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**.
SnapScan:

Bulletin op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webblad: www.alkmaar.co.za vir o.a. die weeklikse bulletin, nuusbrief, inligting, ens.
Kry ons ook op Facebook.

Ngodwana Eredienste:

Eredienste hervat weer na die skoolvakansie DV op 19 April 2020 (of verdere kennisgewing).

Kerkbode:

Gratis te kry by die inligtingshoek. Lees ook Kerkbode op jou tablet, rekenaar en/of slimfoon. Besoek www.kerkbode.co.za ook om die kerkbode app af te laai.

Gedenkmuurnissies:

Nissies wat gebou is teen ons saalmuur is beskikbaar vir ons lidmate teen 'n eenmalige fooi en kan vooruit bespreek en betaal word. Vir navrae: kontak die kerkkantoor.

Vergaderings (DV):

Do.	16 Apr.	18h30	Herderleiers & Toerus
So.	19 Apr.	10h45	Kerkraad (terugvoer i.v.m. projekte)
Di.	12 Mei	18h00	Steun
Do.	14 Mei	18h00	Evangelisasie

Byeenkomste Sondag 19 April indien moontlik:

- Erediens: Alk: 09h00; Kinderkerk; Ngd: 18h00
- Kategese en nuwe kwartaaltema begin

Bulletin

Mrt - Apr 2020 Vakansie

"U luister na my stem in die môre, Here."
Psalm 5:4

KONTAK ONS GERUS

Leraar: Johannes vd Merwe
013 733 4274 / 074 142 3456; ephesians321@me.com

Sendeling: Koos Kriel
013 744 1990 / 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Kerkkantoor: Gladys Grobler
Tel: 013 733 3873 (Ma.-Do. 08h00-15h00)
Faks: 086 637 3589
Posbus 7105, Nelspruit, 1200
ngkerk@alkmaar.co.za; www.alkmaar.co.za

Fasiliteitebeampte/Koster:
Alkmaar: Johan Delport 083 785 6117
Ngodwana: Madelein Venter 083 607 0728

VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08h45 en op Ngodwana **na die aanddiens** by die Gemeenskaps-kerk te Coulhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedskassie by i-hoek:** Plaas gebedsversoeke gerus in die toesluitkassie, persoonlike of ander behoeftes waarvan jy weet. Ds. Johannes hanteer dit persoonlik.

▣ **Gebedsketting:** Wil jy by die gemeente se Gebeds-ketting betrokke raak? Skakel / sms dan asb. vir Marlize Nel (082 465 8921) of vir ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Deon Greyvensteyn, Annette Labuschagne, Fred Cronjé, Mari en Dawie Bosman, Sarie Esterhuizen, Ester van Wyk, Jeanette Lyon, Riekie Degenaar.

▣ **Ander siekes:** Alle siekes en ook Lynette Behrens (suster), Andries Nel, Marlize Nel (ma), Magda Beyleveldt (ma), Hennie Marais (Barberton), Barbara Dempsey, Cecilia Coetzee (suster Annette), Jessica Potgieter, David en Hanna Barnard, Carole Freeman (ma), Dian Meyer, Past. Louis Ras, ds Eksteen Botes.

2de KWARTAALTEMA (vanaf 19 Apr):
In Jesus se voetspore
6 Belangrike gewoontes van die Here Jesus

Week 1 Volg Jesus waar Hy stil-word (Stiltes)
Week 2 Volg Jesus in sy binnekamer in… (Gebed)
Week 3 Volg Jesus se hart van dankbaarheid (Dankbaarheid)
Week 4 Volg Jesus se hart vir kinders (Huisgodsdiens)
Week 5 Volg in Jesus se spore van diensbaarhied (Diens)
Week 6 Volg in Jesus se voetspore van vergifnis (Vergifnis)

VERJAARSDAE

22e Milandru van Wyk BURN
23e Dolf Pretorius NGD
25e Koos Kriel NST, Herman Language NST
26e Anton de Beer NGD, Regardt de Goede NST
27e Ida Lombard NGD, Jeanne Lombard NGD
28e Gladys Grobler BURN, Archie Smuts SCHAG, Milize Viljoen ALK
29e Marlene Lyon KLRNEY
31e Reghardt Lombard NGD, Sunell van Wyk NST
3e Toit du Toit NGD, Luwhan Neethling NST
5e Dawid Bosman CAIRN, Jean Erasmus NST
6e Hannalie Erasmus BRON
7e Bianca Botha SCHAG, Jani de Vos RIETF, Chantal van Schalkwyk NGD
8e Courien Ackerman BRON
9e Magda Daffüe NGD
10e Piet Bisschoff NGD, Suzaan Nel BURN
11e Marietjie Kriel NST
12e Werner Fourie NGD
13e Anne Lubbe SCHAG, Yolande Nel ALK
14e Neel Botha ALK, Gerrie van Eeden NGD
16e Anuschka Erasmus NST
17e Christell Pannell NGD
18e Haine Swart RIETF, Chantelle van Wyk BURN

Gods rykste seën, baie geluk!

KERKRAADSLEDE HERKIES/VAKANT

Met die kerkraadsvergadering gehou op 25 Februarie 2020 is die huidige kerkraadslede herkies as diakens:
Janine Delport - Sorg (Alk), Nico Swart - Besoek.
Diakens vakant: Evangelisasie, Aanbidding (Alk).

LYDENSTYD

Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag (sewende Woensdag voor Paassondag) tot en met Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, duur hierdie tydperk 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Lydenstyd is noodsaaklike voorbereiding vir die viering van Paasfees. Ons kan nooit die werklike betekenis van Jesus se opstanding snap as ons nie onsself herinner aan sy lyding wat dit voorafgegaan het nie.

PAASFEES 2020

LW Paassangdiens, Paasfees Eredienste, Avondmaal ens. hierdie jaar afgestel.